

Maandag 26 September

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:1-10 (AFR83)

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:1-10

Die Here gee ná die tydelike die ewige

Daar kom dikwels momente in ons lewens wanneer ons skerp bewus raak van die onvolmaaktheid van die aardse lewe en van hoe tydelik alles hier is – hoe alles verbygaan en met die tyd afgetakel word. So baie mense raak moedeloos en depressief as hulle hieroor begin nadink.

Maar hierdie is eintlik 'n wonderlike troos vir ons almal: om te weet dat hierdie onvolmaakte aardse lewe nie alles is nie. Daar wag vir elke kind van God iets oneindig beter: 'n ewige huis in die hemel wat God self gebou het. Op grond van die soenverdienste van Jesus Christus gaan ek en jy eendag, as ons aardse tentwoning afgebreek word, 'n ewige en volmaakte huis ontvang!

Al wat vir ons oorbly, is om 'n gesonde verhouding met ons hemelse Vader te hê. Doen wat die Here op hierdie aarde deur sy kinders gedoen wil hê, voluit en getrou om vir Hom dankie te sê vir die ewige huis wat Hy vir ons bou. En hou moed! Hoe meer die aardse tentwoning verweer raak, hoe nader is

- die hemelse Kanaän,
- die nuwe Jerusalem,
- die Vaderhuis met sy baie wonings,
- die volmaakte liggaam – deur God gebou met bene wat nie sal breek nie, selle wat nie kan sterf nie, weefsel wat nie kan verouder nie, vol van krag wat nooit weer sal afneem nie ...

“Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan.”

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)